# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (09/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 17 Maart 2017*

***"Politics is the skilled use of blunt objects" Lester B Pearson***

## SUIDER - AFRIKA SE GESKATTE UITVOERVOLUME VIR 2017

Op Dinsdag 7 Maart het die Sitrusbemarkingsforum (CMF) vergader om die skattings wat deur die Variëteitsfokusgroepe (VFGs) voorberei is, te bespreek. Die CMF het besluit om die skattings soos deur die VFGs aangebied is, te aanvaar.

Die volgende belangrike punte word uitgelig:

- Die **skatting** vir 2017 is 122 809 304 (15 kg) kartonne (1 842 139 ton).
- Suid-Afrika (119 miljoen) is die grootste bydraer, gevolg deur Zimbabwe (3 miljoen) en Swaziland (0,8 miljoen).
- Die **Valencia** skatting is 50 miljoen kartonne – op van die werklike 42 miljoen in 2016 na die droogte en hael; maar minder as die 2015 rekord van 52.7 miljoen.
- Die belangrikste Valencia "rebounds", is van Hoedspruit wat amper verdubbel het na verwoestende hael die 2016-oes uitgedun het; Letsitele waar warm, droë toestande op 2016 'n invloed gehad het (18% verhoging) en Nelspruit waar die toename 28% is. Die Onderberg (-11%) en Patensie (-4%) is die enigste gebiede wat 'n afname vanaf 2016 voorspel.
- Interessant – behalwe Hoedspruit, is die enigste streek wat 'n groter Valencias oes in 2017, in vergelyking met 2015 voorspel, Senwes (en slegs met 4%), Swaziland (ook 4%) en Zimbabwe (op 18%).
- **Nawel** volumes trap water op 26 miljoen kartonne; nie veel anders as die vorige drie jaar.
- Droë toestande in die Oos-Kaap het gelei tot laer skattings in Oos-Kaap se Midlande (af 10%); Patensie (af 7%) en Sondagsrivier (af 20%).
- Die noorde maak op vir die afname in Oos-Kaap nawels, met Senwes op met 21% en Nelspruit met 10%.
- Warm droë toestande wat in die Wes-Kaap heers het nie 'n impak op 2017 se nawel skattings nie (die effek sal in 2018 gevoel word). Wes-Kaap is 9% hoër en Boland is dieselfde as 2016.
- Vroeë nawels sal effens laer wees, terwyl volumes van laat nawels effens hoër sal wees.
- Die **suurlemoen** oes mik om 'n rekord van 17,5 miljoen kartonne te bereik ('n 16% toename vanaf 2015 en 2016 se 15 miljoen).
- Alle streke toon groei, belangrikste is Hoedspruit (37%), Senwes (29%) en Sondagsrivier (16%).
- **Sagte sitrus** toon ook groei - 'n toename van 16% van 12.1 miljoen tot 'n rekord van 13,2 miljoen kartonne.
- Alle streke toon groei - die belangrikste is Senwes (26%), Nelspruit (wat Ohrigstad en Burgersfort insluit) 16% en Sondagsrivier (15%).
- Pomelo volumes keer terug na 2015 vlakke – 13.8 miljoen (17kg kartonne) – op met 14% van 2016 se 12.1 miljoen.
- Hoedspruit se herstel van die hael dra 51% by tot hul 2016 vlakke.

## VOORSITTER NORTJE WORD HERKIES OM CGA TE LEI

Op verlede week se vergadering van die CGA Raad is erkenning aan Pieter Nortje (Sondagsrivier) gegee vir sy leiding tydens 'n moeilike paar jaar en is hy herkies as voorsitter van die CGA. In 'n verandering aan die beheerstruktuur van die CGA is twee Vise-Voorsitters verkies - Ben Vorster (Letsitele) en Cornel van der Merwe (Onderberg). Beide Ben en Cornel is leidende sitrusprodusente en sal leiding gee soos die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf 'n tydperk van groter volumes en uitdagende marktoegang-regulasies betree. George Hall (Boland) en Fanie Meyer (Hoedspruit) is die ander lede van die Uitvoerende Komitee. Die volumes vir uitvoer in George se streek gaan aansienlik verhoog omdat produsente in die streek van wyndruiwe na sitrus diversifiseer. Fanie se streek ervaar amper 'n verdubbelling van uitvoervolumes na die effek van 'n verwoestende haelstorm in 2016. Piet Smit (Wes-Kaap) het uit die Uitvoerende Komitee ná jare as nommer 2 bedank - die Raad en bestuur bedank Piet vir sy leiding en vermoë om na kwessies vanuit alle hoeke te kyk.

## CGA SITRUS SUMMIT AANBIEDINGS

Die CGA Sitrus Summit se aanbiedings is hier beskikbaar ("member login access" is nie 'n vereiste nie): https://www.citrusresourcewarehouse.org.za/home/document-home/internal-citrus-industry-organisation-publications/cga-roadshows-and-summits

Op die "Documents tab" kliek op "Internal Citrus Publications, en "CGA - Roadshow and Citrus Summit Presentations".

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY EN CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**